Versteurings in metabolisme en voeding	Diabetes mellitus	Hiperglisemie	Hiponatremie, Anoreksie, Gewigsverlies, Toename in gewig
Psigiatriese versteurings	Slaaploosheid, Angs, Rusteloosheid	Depressie, Hiperseksualiteit	Selfdoodpoging, selfdoodgedagtes en suksesvolle selfdood (kyk afdeling 4.4) , Patologiese dobbel, Versteuring in impulsbeheer, Ooreet, Kompulsiewe inkopies, Poriomanie, Aggressie, Agitasie, Senuagtigheid
Versteurings van die senustelsel	Akatisie, Ekstrapiramidale versteurings, Bewerasie, Hoofpyn, Sedasie, Lomerigheid, Duiseligheid	Laat diskinesie , Distonie	Neuroleptiese kwaadaardige sindroom (NKS), Grand mal-stuipe, Serotoniensindroom, Spraakversteuring
Oogversteurings	Dowwe visie	Dubbelvisie	Okulogiriese krisis
Hartversteurings		Tagikardie	Skielike onverklaarbare dood, Torsades de pointes, Verlenging van QT-interval, Ventrikulêre disritmie, Hartarres, Bradikardie
Vaskulêre versteurings		Ortostatiese hipotensie	Veneuse trombo-embolisme (waaronder pulmonale embolisme en diep veneuse trombose), Hipertensie, Sinkopee
Respiratoriese, toragiese en mediastinale versteurings		Hik	Longontsteking vanweë aspirasie, Laringospasma, Orofaringeale spasma
Gastro-intestinale versteuring	Hardlywigheid, Dispepsie, Naarheid, Oorafskeiding van speeksel, Braking		Pankreatitis, Disfagie, Diarree, Buikongemak, Maagongemak
Hepatobiliêre versteurings			Lewerversaking, Hepatitis, Geelsug, Hoër vlakke alanienaminotransferase (ALT), Hoër vlakke aspartaataminotransferase (AST), Hoër vlakke gammaglutamieltransferase (GGT), Hoër vlakke alkaliese fosfatase
Versteurings van die vel en subkutane weefsel			Veluitslag, Fotosensitiwiteitsreaksies, Alopesie, Hiperhidrose
Versteurings van die muskuloskeletale stelsel en van bindweefsel			Rabdomiolise, Mialgie, Muskuloskeletale styfheid
Versteurings van die niere en urienweg			Urieninkontinensie, Urienretensie
Swangerskap, puerperium en perinatale toestande			Neonatale geneesmiddelonttrekkingsindroom (kyk afdeling 4.6)
Versteurings in die voortplantingstelsel en borste			Priapisme
Algemene versteurings en effekte by die plek van toediening	Moegheid		Versteuring van temperatuurregulering (bv. hipotermie, pireksie), Pyn in die borskas, Perifere edeem
Laboratoriumtoetse			Hoër vlakke bloedglukose, Hoër vlakke geglikosileerde hemoglobien, Fluktuasie in bloedglukosevlakke, Hoër vlakke kreatinienfosfokinase

c. Beskrywing van spesifieke nadelige reaksies
Distonie
Simptome van distonie, langdurige abnormale sametrekkings van spiergroepe, kan gedurende die eerste paar dae van behandeling in vatbare individue voorkom. Simptome van distonie is onder meer krampe in die nekspiere, wat soms tot styfheid in die keel lei, slukprobleme, asemhalingsprobleme en/of uitsteek van die tong. Alhoewel hierdie simptome by lae dosisse kan voorkom, kom dit meer gereeld voor en met 'n erger graad met kragtige eerste generasie antipsigotiese medisyne en teen hoër dosisse. 'n Hoër risiko van akute distonie word in mans en in jonger ouderdomsgroepe waargeneem.

Prolaktien
In kliniese proewe vir die goedgekeurde indikasies en na bemarking is sowel 'n styging as daling in die vlakke van prolaktien in die serum met aripiprasool waargeneem.

Pediatriese populasie
Skisofrenie in adolessente van 15 jaar en ouer
In 'n korttermyn kliniese proef met adolessente (13-17 jaar) met skisofrenie, was die frekwensie en tipe ongewenste effekte soortgelyk aan dié in volwassenes, behalwe vir die volgende reaksies wat meer dikwels aangemeld is deur adolessente wat aripiprasool ontvang het as deur volwassenes (en meer dikwels as plasebo): slaperigheid/sedasie, ekstrapiramidale afwykings, droë mond, groter eetlus en ortostatiese hipotensie.

Die veiligheidsprofiel van 'n langtermynproef was ook soortgelyk behalwe vir die volgende reaksies wat meer dikwels aangemeld is as pediatriese pasiënte wat plasebo gekry het: gewigsverlies, hoër vlakke insulien in die bloed, disritmie en leukopenie.

Maniese episodes in bipolêre I-versteuring in tieners van 13 jaar en ouer
Die frekwensie en tipe ongewenste effekte in adolessente met bipolêre I-versteuring was soortgelyk aan dié in volwassenes, behalwe vir die volgende reaksies: slaperigheid, ekstrapiramidale afwyking, akatisie, moegheid, boonstebuikpyn, vinniger hartklop, gewigstoename, groter eetlus, spiertrekkings en diskinesie.

d. Aanmeld van vermeende nadelige reaksies
Dit is belangrik om vermeende nadelige reaksies wat na magtiging van die medisinale produk voorkom, aan te meld. Dit maak voortgesette monitering van die balans tussen voordeel en risiko van die medisinale produk moontlik. Gesondheidspraktisyns word versoek om alle vermeende nadelige reaksies by SAHPRA aan te meld met die vorm "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word:
https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9. Oordosis
Simptome
Die potensieel medies belangrike tekens en simptome wat aangemeld is, was lusteloosheid, hoë bloeddruk, slaperigheid, tagikardie, naarheid, braking en diarree. Die potensieel medies ernstige tekens en simptome in kinders is onder meer slaperigheid, kortstondige verlies van bewussyn en ekstrapiramidale simptome.

Behandeling
Behandeling van oordosering is ondersteunende terapie, handhawing van 'n oop lugweg, oksigenering en ventilasie en beheer van simptome. Die moontlikheid dat talle medisyne gebruik kan word, moet in gedagte gehou word. Kardiovaskulêre monitering moet daarom onmiddellik begin en moet kontinue elektrokardiografiese monitering insluit om moontlike aritmie op te spoor.

Na enige bevestigde of vermoedelike oordosering met **ALEBON** moet noukeurige mediese toesig en monitering volgehou word totdat die pasiënt herstel.

Geaktiveerde houtskool (50 g), toegedien een uur na **ALEBON** verlaag aripiprasoolvlakke.

Hoewel daar geen inligting is oor die effek van hemodialise vir behandeling van oordosering met **ALEBON** nie, is dit onwaarskynlik dat hemodialise nuttig sal wees omdat aripiprasool nie onveranderd deur die niere uitgeskei word nie en sterk aan plasmaproteïene bind.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
5.1. Farmakodinamiese eienskappe
Farmakoterapeutiese groep: Psigoleptika, ander antipsigotika, ATC-kode: N05AX12
Kategorie en klas: A 2.6.5 Bedaarmiddels – diverse strukture

Werkingsmeganisme
Dit is voorgestel dat die effek van aripiprasool bewerkstellig word deur 'n kombinasie van aktiwiteit as gedeeltelike agonis op dopamien D2- en serotonien 5HT1a-reseptore en aktiwiteit as antagonis op serotonien 5HT2-reseptore.

Aripiprasool het *in vitro* hoë bindingsaffiniteit vir dopamien D2- en D3-, serotonien 5HT1a- en 5HT2a-reseptore getoon en matige affiniteit vir dopamien D4-, serotonien 5HT2C- en 5HT7-, alfa1-adrenergiese en histamien H1-reseptore. Aripiprasool vertoon ook matige bindingsaffiniteit aan plekke vir serotonienheropname en geen beduidende affiniteit vir muskariniese reseptore nie. Aripiprasool het as antagonis opgetree in diermodelle van dopamienergiese hiperaktiwiteit en as agonis in diermodelle van dopamienergiese hipoaktiwiteit. Interaksie met ander reseptore as dopamien en serotonien kan party van die ander kliniese effekte van aripiprasool verklaar.

5.2. Farmakokinetiese eienskappe
Absorpsie
Aripiprasool word na orale toediening van **ALEBON** goed geabsorbeer met piek konsentrasies in die plasma binne 3 - 5 uur na dosering. Aripiprasool ondergaan die minimum presistemiese metabolisme. Die absolute orale biobeskikbaarheid van aripiprasool uit die tabletformulering is 87 %. Die biobeskikbaarheid van aripiprasool word nie beduidend deur voedsel beïnvloed nie.

Verspreiding
Aripiprasool versprei wyd deur die liggaam met 'n oënskynlike volume van verdeling van 4,9 L/kg. Teen terapeutiese konsentrasies is meer as 99 % van die aripiprasool aan proteïene in die serum, hoofsaaklik albumien, gebind. Aripiprasool verander nie die farmakokinetika en farmakodinamika van hoogs proteïengebinde warfarien nie wat toon dat warfarien nie van die proteïene verplaas word nie.

Biotransformasie
Aripiprasool ondergaan die minimum presistemiese metabolisme. Aripiprasool word tot 'n groot mate deur die lewer gemetaboliseer, hoofsaaklik deur drie biotransformasieroetes: dehidrogenering, hidroksilering en N-alkilering. *In vitro*-studies het gevind dat CYP3A4- en CYP2D6-ensieme verantwoordelik is vir dehidrogenering en hidroksilering van aripiprasool en dat N-dealkilering deur CYP3A4 gekataliseer word. Aripiprasool is die belangrikste vorm van die middel in sistemiese sirkulasie. By gelykvlakke maak dehidro-aripiprasool, die aktiewe metaboliet, ongeveer 39 % van die AOK van aripiprasool in die plasma uit.

Uitskeiding
Die gemiddelde eliminasiehalfleeftyd van aripiprasool is ongeveer 75 uur met sterk metaboliseerders van CYP2D6 en ongeveer 146 uur met swak metaboliseerders van CYP2D6.

Na 'n enkele orale dosis van [14^C]-gemerkte aripiprasool is ongeveer 27 % en 60 % van die toegediende radioaktiwiteit in die urien en feses onderskeidelik gevind. Minder as 1 % van onveranderde aripiprasool is in die urien uitgeskei en ongeveer 18 % van die orale dosis is onveranderd in die feses gevind. Die totale opruiming van aripiprasool uit die liggaam is 0,7 mL/min/kg wat hoofsaaklik in die lewer geskied.

Lineariteit
Gelykvlakkonsentrasies word binne 14 dae bereik. Opbou van aripiprasool met 'n faktor 5 is voorspelbaar tydens veelvoudige dosering. By gelykvlakke is die farmakokinetika van aripiprasool direk eweredig aan die dosis. Daar is minimale diurnale variasie in die verspreiding van aripiprasool en sy aktiewe metaboliet, dehidro-aripiprasool. Dit is aangetoon dat hierdie belangrikste metaboliet in menslike plasma, dehidro-aripiprasool, soortgelyke affiniteit vir D2-reseptore as die moederverbinding het.

Spesiale populasies
Geslag
Die C_{maks} en AOK van aripiprasool en sy aktiewe metaboliet, dehidro-aripiprasool, is hoër in vrouens as in mans en die oënskynlike orale opruiming van aripiprasool is dienooreenkomstig laer in vroue. Hierdie verskille word egter grootliks verklaar deur verskille in liggaamsmassa tussen mans en vroue. Geen aanpassing in die dosis op grond van geslag word aanbeveel nie.

Rook
Populasie farmakokinetiese evaluering het geen bewyse van kliniese beduidende effekte van rook op die farmakokinetika van aripiprasool getoon nie. *In vitro*-studies met menslike lewerensieme toon dat aripiprasool nie 'n substraat vir CYP1A2 is nie en ook nie direkte glukuronidering ondergaan nie. Rook behoort dus nie 'n effek op die farmakokinetika van aripiprasool te hê nie. In ooreenstemming met hierdie *in vitro*-resultate het evaluering van die populasie farmakokinetika nie enige beduidende farmakokinetiese verskille tussen rokers en nierokers aangetoon nie. Geen aanpassing in die dosis op grond van rookstatus word aanbeveel nie.

Ras
Hoewel geen spesifieke farmakokinetiese studie gedoen is om die effek van ras op die verspreiding van aripiprasool te bestudeer nie, het evaluering van die populasie farmakokinetika geen getuienis van klinies beduidende effekte in die farmakokinetika van aripiprasool tussen rasse aangetoon nie. Geen aanpassing in die dosis op grond van ras word aanbeveel nie.

Swak nierfunksie
In pasiënte met erge swak nierfunksie (kreatinienopruiming < 30 mL/min) was die C_{maks} van aripiprasool (gegee as 'n enkele dosis van 15 mg) en dehidro-aripiprasool hoër, maar die AOK was laer vir aripiprasool en hoër vir dehidro-aripiprasool.
Die uitskeiding deur die niere van sowel onveranderde aripiprasool en dehidro-aripiprasool is minder as 1% van die dosis. Geen aanpassing in die dosis is nodig vir pasiënte met swak nierfunksie nie.

Swak lewerfunksie
In 'n studie met 'n enkele dosis (15 mg aripiprasool) aan proefpersone met verskillende grade lewersirrose (Child-Pugh Klasse A, B en C) was die AOK van aripiprasool vergeleke met dié van gesonde proefpersone hoër met ligte verswakte lewerfunksie, hoër met matige verswakte lewerfunksie en laer met erge verswakte lewerfunksie. Geen aanpassing in die dosis is vanweë hierdie effekte nodig nie.

Bejaarde pasiënte
In farmakokinetiese studies (met 'n enkele dosis van 15 mg aripiprasool) was die opruiming van aripiprasool laer in bejaardes (≥ 65 jaar) vergeleke met jonger volwasse proefpersone (18 tot 64 jaar).

Daar was egter geen waarneembare ouderdomseffek in die farmakokinetiese analise in die populasie van skisofreniese pasiënte nie. Dit lyk ook asof die farmakokinetika van aripiprasool na veelvoudige dosisse aan bejaarde pasiënte soortgelyk is as dié aangemeld in jong gesonde proefpersone. Geen aanpassing in die dosis is vir bejaarde pasiënte nodig nie (kyk afdeling 4.4).

Pediatriese populasie
Die farmakokinetika van aripiprasool en dehidro-aripiprasool in pediatriese pasiënte van 10 tot 17 jaar oud was soortgelyk aan dié in volwassenes na regstelling vir die verskille in liggaamsgewig.

5.3 Prekliniese veiligheidsdata
Dierestudies met rotte en konyne kon nie potensiële toksisiteit op die ontwikkeling van die fetus uitsluit nie.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE
6.1. Lys van hulpstowwe
Mikrokristallyne sellulose, hidroksipropielsellulose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, mieliestysel en kolloïdale watervrye silika.
Daarbenewens bevat die 5 mg-tablet FD&C blue nr. 2 (KI Nr.: 73015).

6.2. Onverenigbaarhede
Nie toepaslik nie

6.3. Rakleeftyd
36 maande

6.4. Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring
Bêre by of onder 25 °C.
Bêre in die oorspronklike houer totdat dit vir gebruik benodig word.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

6.5. Aard en inhoud van die houer
Stulppakke:
30 tablette is verpak in aluminiumfolie/PVC-film stulpverpakkings. Elke karton bevat 3 stulpstroke met 10 tablette elk.

HDPE-houers:
30 tablette word verpak in 'n wit ondeursigtige HDPE-houer met 'n wit ondeursigtige polipropileenprop met watte, silikagelsakkie en rayon.
Nie alle pakke en pakgroottes word noodwendig bemark nie.

6.6. Spesiale voorsorgmaatreëls vir die wegdoen van gebruikte medisyne of afvalstowwe wat uit sodanige medisyne verkry word, en ander hantering van die produk
Geen spesiale vereistes nie.

7. HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
AUROGEN SA (Edms) Bpk
Woodhillkantoorpark, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12, 1448
Johannesburg
Suid-Afrika

8. REGISTRASIENOMMER
ALEBON 5 mg: 47/2.6.5/1080
ALEBON 10 mg: 47/2.6.5/1081
ALEBON 15 mg: 47/2.6.5/1082

9. DATUM VAN EERSTE MAGTIGING
18 Mei 2021

P1528027

✂ DETACH BEFORE DISPENSING

SKEDULERINGSTATUS

S5

PASIËNTINLIGTINGSBLAD
ALEBON (5 mg/ 10 mg/ 15 mg)
Aripiprasool
(Bevat suiker: 76,00 mg/ 66,50 mg/ 99,75 mg laktosemonohidraat per tablet).

Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u begin om ALEBON te drink.
- **Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.**
- **As u nog enige vrae het, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vra.**
- **ALEBON is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne vir ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.**

Wat in hierdie blad is:
1. Wat ALEBON is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u ALEBON drink
3. Hoe om ALEBON te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om ALEBON te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

1. Wat ALEBON is en waarvoor dit gebruik word
ALEBON word gebruik vir die behandeling van volwassenes en adolessente van 18 jaar en ouer wat aan 'n siekte genaamd skisofrenie ly. Dit is 'n versteuring waardeur u gedagtes of ervarings uit voeling met die werklikheid lyk, soos om dinge wat nie daar is nie, te hoor of te sien, agterdogtigheid, verkeerde oortuigings, en u kan ongeorganiseerde spraak of gedrag ervaar en minder deelname aan daaglikse aktiwiteite hê. Mense met hierdie toestand kan ook depressief, skuldig, angstig of gespanne voel.

ALEBON word gebruik vir die behandeling van volwassenes wat ly aan 'n toestand met simptome soos om "hoog" te voel, wat oormatige hoeveelhede energie het, minder slaap as gewoonlik nodig het, baie vinnig praat met jaende idees en soms erge prikkelbaarheid. In volwassenes word ALEBON ook gebruik om te voorkom dat hierdie toestand terugkeer in pasiënte wat op behandeling met ALEBON gereageer het.

2. Wat u moet weet voordat u ALEBON drink
Moenie ALEBON drink nie:
- as u hipersensitief (allergies) vir aripiprasool of vir enige van die ander bestanddele van ALEBON is
- As u jonger as 18 jaar oud is.

Wees veral versigtig met ALEBON
- As u depressie vererger, of as u selfdoodgedagtes of -gedrag het, moet u u dokter dadelik kontak.
- As u 'n kardiovaskulêre siekte het (' n siekte van die hart en sirkulasie) of 'n familiegeskiedenis van hartsiektes, hartaanvalle, beroerte of abnormale bloeddruk.
- As u ly aan toestande wat die bloedvate en bloedtoevoer na die brein beïnvloed. As u situasies ervaar wat u aan lae bloeddruk (uitdroging) kan blootstel en as u behandeling ontvang met medisyne wat u bloeddruk verlaag.
- As tekens en simptome van laat diskinesie voorkom ('n toestand wat gekenmerk word deur herhalende, onwillekeurige bewegings, veral in die gesig). Tipes onwillekeurige bewegings sluit in: Grimas (gesigte trek), tongbewegings, lippe lek, lippe smak, vou van die lippe en oormatige oogknip.
- As u toestande ervaar wat kan bydra tot die verhoging van die liggaamstemperatuur, bv. hard oefen, blootstelling aan uiterste hitte, onderhewig aan uitdroging.
- As u krampe, spiersametrekkings, styfheid, trae beweging ervaar.
- As u simptome ervaar van 'n toestand genaamd kwaadaardige neuroleptiese sindroom, wat hoë koors, spierstyfheid, veranderde geestestatus en tekens van outonome onstabiliteit (onreëlmatige pols of bloeddruk, vinnige hartklop, sweet en abnormale hartklop) kan wees.
- As u toevalle (stuiptrekkings) het.
- As u aan demensieverwante psigose ly (as u agterkom dat u 'n afname in geheue, taal, probleemoplossing en ander denkvaardighede het) en as u ouer pasiënt is, aangesien u dokter u dalk meer noukeurig moet monitor.
- As u te veel suiker in die bloed het ('n siekte wat diabetes genoem word). 'n Siekte gekenmerk deur simptome soos oormatige dors, groot hoeveelhede urien, groter eetlus en voel swak of as u 'n familiegeskiedenis van diabetes, versteuring van die skildklier of pituïtêre adenoom het.
- As u agterkom dat u gewig optel, ongewone bewegings ontwikkel, slaperigheid ondervind wat met normale daaglikse aktiwiteite inmeng, sukkel om te sluk of allergiese simptome het.

Gebruik van ander medisyne saam met ALEBON

Sê altyd vir u gesondheidspraktisyn as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende en tradisionele medisyne). Kyk Moenie ALEBON gebruik nie.

Sê vir u dokter as u medisyne gebruik om u bloeddruk te verlaag.
ALEBON kan die effek versterk van medisyne wat gebruik word om die bloeddruk te verlaag.
As u ALEBON saam met sekere medisyne gebruik, kan u dokter dalk u dosis van ALEBON verander.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende medisynes drink of gebruik:
- Kinidien (vir die behandeling van onreëlmatige hartklop of malaria).
- Fluoksetien (om depressie te behandel) of paroksetien (om depressie of angs te behandel).
- Ketokonasool of itrakonasool (om fungusinfeksies te behandel).
- Sekere medisyne wat vir MIV gebruik word, byvoorbeeld efavirens of nevirapien en 'n klas MIV-medisyne genaamd MIV-proteaseremmers - vra u dokter of apteker gerus indien u nie seker is nie.
- karbaamasepien, fenitoïen of fenobarbitoon (om toevalle te voorkom).
- Sekere antibiotika soos rifampisien of rifabutien (om bakteriële infeksies te behandel).
- Sint Janskruid ('n kruiemiddel vir die behandeling van depressie).

Hierdie medisyne kan die risiko vir newe-effekte verhoog of die effek van ALEBON verlaag; as u enige ongewone simptoom kry as u enige van hierdie medisyne saam met ALEBON gebruik, moet u u dokter raadpleeg.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid
ALEBON word in borsmelk uitgeskei. U moet nie borsvoed as u ALEBON drink nie.

As u swanger is, dink dat u swanger kan wees of beplan om swanger te raak, of as u u baba borsvoed, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidskundige om advies raadpleeg voordat u ALEBON drink.

Die volgende simptome kan voorkom in pasgebore babas van moeders wat ALEBON in die laaste trimester (laaste drie maande van hul swangerskap) gebruik het: bewerasie, spierstyfheid en/of -swakheid, slaperigheid, agitasie, asemhalingsprobleme en probleme met voeding. As u baba enige van hierdie simptome ontwikkel, moet u moontlik u dokter skakel.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie
Soos met ander antipsigotika moet gevaarlike masjiene, waaronder motorvoertuie, versigtig gebruik word totdat u redelik seker is dat aripiprasool u nie nadelig beïnvloed nie.

U kan duiselig, verward of lighoofdig voel en visieprobleme kan voorkom nadat u ALEBON gedrink het. As dit gebeur, moet u nie motor bestuur of enige gereedskap of masjiene gebruik nie. Vra vir u dokter as u nie seker is nie.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van ALEBON
ALEBON bevat laktose wat 'n tipe suiker is. Voordat u ALEBON drink, moet u dus u dokter om advies raadpleeg as u sommige suikers nie kan verdra nie.

3. Hoe om ALEBON te drink

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie. Gebruik ALEBON altyd presies soos wat u dokter vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

U dokter sal vir u sê hoe lank u behandeling met ALEBON sal duur.

ALEBON moet heel met 'n halwe glas water afgesluk word. Moenie kou nie.

Skisofrenie
Die aanbevole aanvangsdosis van ALEBON is 10 of 15 mg/dag, met 'n instandhoudingsdosis van 15 mg/dag volgens 'n eenmalige skedule.

Bipolêre manie
Die aanbevole aanvangsdosis vir ALEBON is 15 mg/dag volgens 'n eenmalige skedule.

U dokter kan egter 'n laer of hoër dosis tot 'n maksimum van 30 mg een keer per dag voorskryf.

Sê vir u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van ALEBON te sterk of te swak is.

Probeer om die ALEBON-tablet elke dag op dieselfde tyd te drink.

Selfs as u beter voel, moet u nie ophou om die daaglikse dosis ALEBON te drink sonder om eers met u dokter te praat nie. U dokter sal vir u sê hoe lank u behandeling met ALEBON sal duur.

Gebruik van ALEBON saam met voedsel en drank
ALEBON kan met of sonder voedsel gedrink word.
Alkohol moet vermy word terwyl u ALEBON drink.

As u meer ALEBON gedrink het as wat u moes

As u besef dat u meer ALEBON gedrink het as wat u moes (of as iemand anders u ALEBON gedrink het), moet u u dokter of apteker dadelik raadpleeg. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum en neem die verpakking van ALEBON saam.

As u 'n dosis ALEBON oorgeslaan het
As u vergeet om 'n dosis te drink, drink dit sodra as wat u dit onthou, behalwe as dit bykans tyd vir u volgende dosis is. Moenie 'n dubbele dosis gebruik om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

4. Moontlike newe-effekte
ALEBON kan newe-effekte veroorsaak, hoewel nie almal dit kry nie.

Nie al die newe-effekte wat vir ALEBON aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand vererger of as u newe-effekte ervaar terwyl u ALEBON drink, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om ALEBON te drink en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:
- Allergiese reaksie (bv. anafilaktiese reaksie, probleme met asemhaling of sluk, swelling, waaronder geswelde tong, geswelde gesig, erge jeuk of galbulte).

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige reaksie op ALEBON het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:
- Neuroleptiese kwaadaardige sindroom (NKS): As u agterkom dat u hart vinniger as normaal of onreëlmatig klop, as u baie sweet, as u spiere styf is, kan u 'n ernstige toestand, genaamd neuroleptiese maligne sindroom (NKS), hê.
- Hiperglisemie (hoë bloedsuikervlakke) Verhogings in bloedsuikervlakke kan voorkom in mense wat ALEBON drink. Ekstreme hoë bloedsuikervlakke kan tot koma of die dood lei. Simptome van hoë bloedsuikervlakke tydens die gebruik van ALEBON is: polidipsie (voel baie dors), poliurie (moet meer as gewoonlik urineer), polifagie (oormatige eet) en swakheid
- Tardiewe diskinesie: gekenmerk deur uitsteek van die tong ('vlieë vang'), lek van lippe, suig, laterale kou, en 'n suur gesig trek
- Distonie: langdurige abnormale sametrekkings van spiergroepe kan gedurende die eerste paar dae van behandeling in vatbare individue voorkom. Simptome van distonie is onder meer krampe in die nekspiere, wat soms tot styfheid in die keel lei, slukprobleme, asemhalingsprobleme en/of uitsteek van die tong.
- Ortostatiese hipotensie (lae bloeddruk): lighoofdigheid of floute wanneer u te vinnig uit 'n sittende of lêende posisie opkom.
- Toevalle (konvulsies)

Hierdie is almal ernstige newe-effekte.
Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte wat dikwels voorkom:
- Onvermoë om te slaap (slapeloosheid), slaperigheid (lomerigheid), angs, rusteloosheid
- Hoofpyn, sedasie, duiseligheid
- Dowwe visie
- Naarheid, hardlywigheid, dispepsie (sooibrand), hipersekresie van speeksel, braking
- Moegheid

Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:
- Hiperprolaktinemie (hoë vlakke van die hormoon prolaktien)
- Hiperglukemie (hoë vlakke suiker in die bloed)
- Depressie
- Hiperseksualiteit (aanhoudende of skielike toename in libido)
- Distonie (onwillekeurige spiersametrekkings wat herhalende of kronkelende bewegings veroorsaak)
- Diplopie (dubbelvisie)
- Tagikardie (vinnige polsslag)
- Hik
- Disfagie (probleme met sluk)
- Diarree

Onbekende frekwensie:
- Leukopenie ('n lae vlak van witbloedselle in die bloed, wat die vermoë om infeksie te beveg, kan belemmer)
- Neutropenie (lae vlak van neutrofiele. Neutrofiele is 'n tipe witbloedsel)
- Trombositopenie (lae bloedplaatjietelling. Plaatjies is kleurlose bloedselle wat help dat bloed stol)
- Allergiese reaksie
- Diabetiese hiperosmolêre koma (simptome sluit in tekens van uitdroging, swakheid, krampe in die bene, visieprobleme en 'n veranderde vlak van bewussyn)
- Diabetiese ketoasidose (oormatige dors, gereelde urinering, naarheid en braking, buikpyn, swakheid of moegheid, kortasemheid, asem met vrugtigeur en verwardheid)
- Hiponatremie (lae vlakke natrium in die bloed)
- Anoreksie
- Gewigsverlies
- Toename in gewig
- Selfdoodpoging, selfdoodgedagtes en suksesvolle selfdood
- Kompulsiewe dobbel
- Aggressie
- Agitasie
- Senuagtigheid
- Grand mal-stuiptrekkings (veroorsaak 'n verlies van bewussyn en hewige spiersametrekkings)
- Serotoniensindroom (simptome is onder meer hoë liggaamstemperatuur, agitasie, sterker reflekse, bewing, sweet, wye pupille en diarree)
- Spraakversteuring
- Okulogiriese krisis (onwillekeurige bewegings van die oogballe)
- Skielike onverklaarbare dood
- Torsades de pointes (abnormale hartritme wat tot skielike hartsterfte kan lei)
- Verlenging van QT-interval
- Ventrikulêre aritmieë
- Hartstilstand (skielike, onvervagte verlies aan hartfunksie, asemhaling en bewussyn)
- Bradikardie (stadige polsslag)
- Veneuse trombo-embolisme (bloedklont) - [waaronder longembolie (bloedklont in die slagaar in die long) en diep veneuse trombose]
- Hipertensie (hoë bloeddruk)
- Sinkopee (tydelike verlies van bewussyn)
- Longontsteking vanweë aspirasie (as u voedsel, maagsuur of speeksel in u longe inasem)
- Laringospasma (spasma van die stembande wat dit tydelik moeilik maak om te praat of asem te haal)
- Orofaringeale spasma
- Pankreatitis (ontsteekte pankreas. Simptome is onder meer die boonste buikpyn wat na die rug uitstraal; dit kan vererger word deur te eet, veral voedsel met baie vet. Geswelde en teer buik, naarheid en braking, koors en vinnige hartklop)
- Buikongemak
- Maagongemak
- Lewerversaking/hepatiese versaking (simptome sluit in naarheid, verlies aan eetlus, moegheid, diarree, geelsug, 'n geel kleur van die vel en oë, gewigsverlies, kneus of bloei maklik, jeuk en vogopbou in die bene
- Hepatitis (inflammasie van die lewer)
- Geelsug (geel verkleuring van die vel of oë)
- Hoër vlakke alanienaminotransferase (ALT)
- Hoër vlakke aspartaataminotransferase (AST)
- Hoër vlakke gammaglutamieltransferase (GGT)
- Hoër vlakke alkaliese fosfatase
- Veluitslag
- Fotosensitiwiteitsreaksies
- Alopesie (haarverlies van die kopvel of elders op die liggaam)
- Hiperhidrose (oormatige sweet)
- Rabdomiolise ('n afbreek van spierweefsel wat 'n skadelike proteïen in die bloed vrystel)
- Mialgie (pyn of krampe in 'n spier of 'n groep spiere)
- Spierstyfheid
- Urinêre inkontinensie (verlies aan blaasbeheer)
- Urienretensie
- Priapisme ('n langdurige ereksie van die penis, gewoonlik sonder seksuele opwinding)
- Versteuring van temperatuurregulering (gevaarlike lae liggaamstemperatuur of koors)
- Pyn in die borskas
- Perifere edeem (akkumulasie van vloeistof wat swelling veroorsaak)
- Hoër vlakke geglikosileerde hemoglobien
- Fluktuasie in bloedglukosevlakke
- Hoër vlakke kreatinienfosfokinase

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

Aanmeld van newe-effekte
Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. Dit sluit alle moontlike newe-effekte in wat nie in hierdie blad gelys word nie. U kan newe-effekte ook via https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8 aanmeld. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van hierdie medisyne te gee.

5. Hoe om ALEBON te bêre
HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
Bêre by of onder 25 °C.
Bêre in die oorspronklike houer totdat dit vir gebruik benodig word.
Moenie in 'n badkamer bêre nie.
Moenie na die vervaldatum op die etiket gebruik nie.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

6. Inhoud van die pak en ander inligting
Wat ALEBON bevat
Die aktiewe bestanddeel is aripiprasool.
Elke tablet van ALEBON 5 mg bevat 5 mg aripiprasool.
Bevat suiker: 76,00 mg laktosemonohidraat.

Elke tablet van ALEBON 10 mg bevat 10 mg aripiprasool.
Bevat suiker: 66,50 mg laktosemonohidraat.

Elke tablet van ALEBON 15 mg bevat 15 mg aripiprasool.
Bevat suiker: 99,75 mg laktosemonohidraat.

Die ander bestanddele is mikrokristallyne sellulose, hidroksipropielsellulose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, mieliestysel en kolloïdale watervrye silika.

Daarbenewens bevat die ALEBON 5 mg-tablet FD&C blue nr. 2 (KI Nr.: 73015).

Hoe ALEBON lyk en die inhoud van die pakkie
ALEBON 5 mg:
Blou, gemodifiseerde reghoekige onbedekte tablette met "62" op die een kant gedruk en "H" op die ander kant.

ALEBON 10 mg:
Wit, gemodifiseerde reghoekige onbedekte tablette met "63" op die een kant gedruk en "H" op die ander kant.

ALEBON 15 mg:
Wit, gemodifiseerde ronde onbedekte tablette met "64" op die een kant gedruk en "H" op die ander kant.

Stulppakke:
30 tablette is verpak in aluminiumfolie/PVC-film stulpverpakkings. Elke karton bevat 3 stulpstroke met 10 tablette elk.

HDPE-houers:
30 tablette word verpak in 'n wit ondeursigtige HDPE-houer met 'n wit ondeursigtige polipropileenprop met watte, silikagelsakkie en rayon.

Nie alle pakke en pakgroottes word noodwendig bemark nie.

NAAM, BESIGHEIDSADRES EN TELEFOONNOMMER VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
AUROGEN SA (Edms) Bpk
Woodhillkantoorpark, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12, 1448
Johannesburg
Suid-Afrika

Registrasienommer:
ALEBON 5 mg: 47/2.6.5/1080
ALEBON 10 mg: 47/2.6.5/1081
ALEBON 15 mg: 47/2.6.5/1082

Hierdie blad is laas hersien op:
18 Mei 2021